DEEL 116 | WEEK 28 | 12 JULIE 2024 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



*Heilbronners het hierdie week gebewe van die koue met temperature in Heilbron wat 'n minimum van -5°C en 'n maksimum van 9°C bereik het. Boere het ook aangemeld dat die minimum temperature op hulle plaas gedurende die week -11°C was. Op 'n positiewe noot, het ons weke laas enige muskiete gesien.*

# LUR bekommerd oor Ngwathe

Algemene verval van bestuur en dienslewering in Ngwathe het waarskynik aanleiding gegee tot die nuwe LUR vir Plaaslike Bestuur, Mnr Saki Mokoena, se oorsigbesoek aan Parys verlede Vrydag. "Ongelukkig het die LUR dit goedgevind om slegs die burgemeester en haar uitvoerende komitee by die geleentheid te betrek. Dit het aanleiding gegee tot protes deur raadslede van beide die Vryheidsfront Plus en DA wat dié optrede beskou as strydig met die beginsels van openheid en deursigtigheid," sê Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe.

Die doel van die besoek was om verskeie onbevredigende omstandighede in Ngwathe onder die loep te neem. Daaronder tel die versuim om strategiese en kritieke poste te vul, swak oudit uitkomste, onvermoë om staatsskenkings vir kapitaalprojekte doeltreffend aan te wend en gevolglike onderspandering op projekte, die munisipaliteit se haglike finansiële posisie en sy enorme skuldlas en die gebrek aan hou van gereelde raadsvergaderings soos wat wetlik vereis word.

Daarbenewens was ook swak dienslewering ten aansien van water- en elektrisiteitsvoorsienig sowel as probleme met die rioolstelsels en rioolstorting op die agenda. "Omdat gewone raadslede nie na die verrigtinge genooi was nie, kon ons uiteraard nie enige insette lewer nie en was die LUR aangewese op insette van die ANC uitvoerende komitee, wie juis as dié in beheer eintlik grotendeels verantwoordelik is vir heelparty van die probleme. Dit is dus betreurenswaardig dat die LUR nie ook die insette van ander partye aangehoor het om 'n meer gebalanseerde beeld van die tekortkominge te kom bekom nie," kla raadslid Van der Merwe.

Vrae gerig aan die burgemeester oor duidelikheid van wat tydens die oorsigbesoek bevind was is bloot beantwoord met 'n stelling dat geen rekord bestaan van enige besluite nie. Die Vryheidsfront Plus het dus deur middel van sy wetgewerlid, Mnr Armand Cloete, vrae direk aan die LUR gerig in 'n poging om meer duidelikheid oor die uitkoms van die oorsigbesoek te bekom.

Intussen het gerugte na afloop van die oorsigbesoek in Parys die rondte gedoen dat die LUR die aanstelling van die waarnemende munisipale bestuurder, Dr Tseko Mothamaha, herroep het. Hy was deur die vorige LUR na Ngwathe gesekondeer en het op 6 Mei 2024 diens aanvaar. Die burgemeester het by navraag nie die gerugte ontken nie, maar het bloot geantwoord "ons is besig om te onderhandel". Tans bestaan daar nog nie duidelikheid of die kritieke pos van munisipale bestuurder dus weer vir 'n ruk vakant gaan wees nie. Geen terugvoering word ook gegee oor vordering met aanstelling van direkteure in die vakante senior poste nie - ook hier word opposisieraadslede totaal in die duister gelaat. "Ons kan maar net hoop dat die LUR se besoek teen alle verwagtinge dalk tog 'n verbetering sal teweegbring," sluit raadslid Van der Merwe af.









# UIT DIE PEN:



## Week 28

Ek kan met alle eerlikheid sê dat hierdie afgelope week nie koud was nie. Dit was bloot 'n marteling. Ek is seker Pretoria het nog nooit sulke lae temperature gehad nie. En ek was vir amper 20 jaar in die Oos-Vrystaat.

Ek klim sommer al teen half sewe in die bed en lê en lees. Ek het twee sagte kombersies wat ek oor my gooi, en daarna die duvet. Want meer komberse is te swaar vir Die Standbeeld. Ek slaap darem sonder die maanstewel, seker al so twee weke lank, en dit word nie meer so seer in die nag nie. Ek slaap nog nie die hele nag lank nie, maar dit raak al beter.

Ek was nou al vier keer by Paul, die fisioterapeut. Het ek gesê dat die winter 'n marteling is? Dan het julle nog nie 45 minute met Paul spandeer nie. Eers lê ek op sy bed en hy vryf, knie, knyp en draai my voet.

"Toemaar, ek sal niks breek nie," verseker hy my. Nee, ou perd, ek glo jou nie. Hy gaan aan met die behandeling, praat oor ditjies (eina!) en datjies (eina!). Hy lei my aandag af met allerhande stories (eina!).

Verlede week vat hy een kruk weg en laat my skuifel-skuifel. Maar dit werk nie vir my nie. Ons klim drie trappe, gelukkig met my maanstewel.

Hierdie week laat hy my tussen twee dwarsbalke staan sonder my maanstewel. Ek klou daardie dwarsbalk dat my hande spierwit word. Ek moet heen en weer loop, van een punt na die ander van die dwarsbalk.

Ons gaan probeer weer die trappies klim. My deurmekaar brein wil my nie toelaat om met my gesonde been eerste die trappies op te klim nie. Die Standbeeld staan vas soos net 'n standbeeld kan. Ek kry die ding nie opgelig nie. En ons het dit verlede week geoefen! Nee, my brein wil my met my seer been eerste teen die trappie laat opklim. Teen alle reëls in.

Paul sit 'n kassie agter my neer. Ek moet myself optrek deur aan die balk te trek met my seer voet plat op die grond. En nee, ek kan hierdie nie "bull dust" nie, want as ek nie op my seer voet trap nie, gly my voet. Trap vas, sê Paul. Ek probeer, ou, ek probeer. Ek staan regop en hou aan die dwarsbalk vas. Seker 600 keer. Wel, seker nie 600 keer nie, maar dit voel so.

Nou moet ek op albei bene staan en dan die een been oplig en daarna die ander een. Nadat ek eers vier trane gestort het. Ek lig die gesonde been 'n paar keer. Goed, sê Paul, nou hou jy jou gesonde been in die lug vir twee sekondes. Ek dog ek huil weer. Ek werk deur die roetine en die trane. Ons gaan oefen weer trappies. Ek huil sò dat ek sien hoe my trane op die trappies val.

Dit laat my sommer lag. Ek kry dit reg om tot by die derde trappie te klim en weer terug. Paul sê so ewe dat hy seker weer die Heilbron Herald gaan haal. Ek sê: "Jy is doodreg!"

Hy laat my met een kruk tot by die spreekkamer se deur loop. Dit vat die beste deel van ses jaar om tot daar te kom. Weereens, seker nie ses jaar nie, maar baie naby daaraan. Hy sê ek kan probeer om met een kruk vanaf my bed tot in die badkamer te loop. Ek sukkel.

Ek is nog steeds besig met verlede week se skrywe oor die brein. Hierdie wonderlike orgaan verrig 'n magdom funksies, maar die bedrading kan soms lol. My been is vas, maar my brein dobber rond tussen seer, vas en gesond.

Paul vra of ek 'n sielkundige wil gaan sien. Nou kyk, ek verstaan die werk van 'n sielkundige en dat jy nie (noodwendig) mal moet wees om een te sien nie. Soos wat jy 'n kardioloog sou gaan sien vir 'n hartprobleem, so kan jy ook 'n sielkundige gaan sien.

Ek stuur vir my skoolvriend, Rudi, 'n WhatsApp.

"Kan ek jou pasiënt wees?"

Hierdie keer moet hy sy vriendskapshoed afhaal en sy sielkundigehoed opsit. En ek weet hy doen dit baie goed.

"Vertel my meer."

Ek vertel hom dat my kop so bang is om weer seer te kry. Tipiese sielkundige: "Beskryf vir my 'om weer seer te kry'"?

Nou ja, jy het daarvoor gevra. Ek skryf en skryf en skryf tot die trane rol. Ek skryf oor die fisiese pyn, magteloosheid, alleenwees toe my goeie man in die hospitaal was. En toe sluit ek af: "Ek het twee pynpille gedrink en ek gaan nou slaap." Ek het nou klaar gehuil vir vandag.

Ek kan vanoggend rapporteer dat ek net drie keer deur die nag wakker geword het om Die Standbeeld rond te skuif. Ek het ook al vanoggend die maanstewel uitgetrek en vanaf my stoel tot by my kantoordeur geloop, steeds met die krukke.

Ek kan rapporteer dat ek probeer. Ek probeer om hierdie brein te herbedraad. Maar ek kry dit nie reg nie.

Ek wonder vandag of ek die enigste een is wat daarmee sukkel? Ek wonder of julle breine julle ook al iewers in die sloot gelos het?

Ek wil so graag wees soos ander mense waarvan ek lees: iemand het albei sy bene gebreek en probeer nou met alle geweld te herstel. Iemand is verlam, maar hulle werk onverpoosd om weer te loop.

Ek wil ook so wees, maar ek sukkel.

Dankie, Paul en Rudi. En my goeie man. Ek sukkel, maar ek probeer.

## HEILBRON *Kliniek*




# Depression

*• Heilbron Clinic*

**What is depression:**
A group of conditions associated with the elevation or lowering of a person's mood.
It can affect adults, adolescents, and children. People experience depression in diverse ways, and it may interfere with daily work. Depression can last for several weeks, months or years. For many people, it is a chronic illness that gets better and then relapses.

**Signs and symptoms**
- Persistent depressed mood.
- Loss of interest or pleasure in hobbies and activities.
- Changes in appetite and body weight.
- Usually slow or agitated movements.
- Decreased energy or fatigue.
- Difficulty sleeping or oversleeping.
- Excessive feelings of guilt or worthlessness.
- Difficulty concentrating or making decisions.
- Thought of death or suicide or suicide attempts.

**Is it curable?**
While there is no cure for depression, there are effective treatments that help with recovery. The earlier that treatment starts, the more successful it may be. Some people may never experience depression again after a single period of it.
To prevent relapse, people who take medication for depression should continue with treatment even after symptoms improve or go away for as long as their doctor advises.

# Voorkomingsmaatreëls teen veldbrande nou dringend, sê VL



Vrystaat Landbou (VL) wil graag boere in die provinsie versoek om tydige voorbereiding vir die voorkoming van veldbrande te tref. Volgens Kempen Nel, voorsitter van Vrystaat Landbou (VL) se Natuurlike Hulpbronne komitee, verskaf die Vrystaat-provinsie se goeie grasbedekking brandstof vir veldbrande.

Die weertoestande wat tans ondervind word verhoog die risiko vir wydverspreide veldbrande. Daarom skakel Vrystaat Landbou tans met grondvlakstrukture om die nodige voorsorgmaatreëls te tref.

Tydens die droogtetoestande gedurende in Februarie vanjaar was daar alreeds 'n groot brandgevaarrisiko. Die laat reën het egter die bedreiging geneutraliseer, maar is veldbrande nou 'n groter wordende risiko. As deel van die voorbereidingsproses het Agri Relief Foundation onlangs 35 blasers aan VL-strukture geskenk wat beskikbaar gestel sal word aan landbouverenigings. Hiervoor is die landbousektor baie dankbaar.

Brand Beskermings Verenigings (BBV's) het reeds hulle brandplanne by Departement van Omgewingsake en Bosbou ingedien en is daar ook reeds op 27 Junie in Bloemfontein met die Nasionale Departement vergader.

Lede van die publiek, en kontrakteurs, word gevra om bedagsaam te wees wanneer hulle deur die platteland ry. Hulle word versoek om nie by die brandgevaar risiko by te dra deur ope vure te maak of met toerusting in die veld te werk wat vonke veroorsaak nie, aangesien dit tot veldbrande kan lei.

# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

*• Elmarie Els*

Engo
Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esafeleng

Ons fokus op Dwelmmisbruik en die vorige twee insetsels het gefokus op wat is dwelmmisbruik sowel as hoe mens 'n Afhanklikheidsversteuring ontwikkel.
Nou is die volgende vraag – Wat is die gevaartekens wat ek na moet kyk.
Gevaartekens dat 'n vriend of familielid met skadelike dwelm of alkohol gebruik besig is.
Skadelike dwelm- en alkoholgebruikers probeer dikwels hul simptome wegsteek en die erns van hul probleem afmaak. As jy bekommerd is dat 'n vriend of familielid dalk dwelms misbruik, moet jy vir die volgende gevaartekens op die uitkyk wees:

**Fisiese gevaartekens**
- Bloedbelope oë of pupille wat groter of kleiner as gewoonlik is.
- Veranderings in aptyt of slaappatrone.
- Skielike gewigsverlies of -toename.
- Afname in fisiese voorkoms en persoonlike versorgingsgewoontes.
- Ongewone reuke in die asem, liggaam of klere.
- Bewerasie, sleeptong praat of swak koördinasie.

**Gedragstekens**
- Afname in bywoning en prestasie by die werk of skool.
- Onverklaarbare behoefte aan geld of geldelike probleme.
- Kan leen of steel om dit in die hande te kry.
- Geheimsinnige of verdagte optrede. Skielike verandering van vriende, gunsteling kuierplekke en tydverdrywe.
- Raak dikwels in die moeilikheid (gevegte, ongelukke, onwettige bedrywighede).

**Sielkundige gevaartekens**
- Veranderings in persoonlikheid of houding.
- Skielike buiveranderings, geïrriteerdheid of woede-uitbarstings.
- Tydperke van buitengewone hiperaktiwiteit, onrustigheid of duiseligheid.
- Gebrek aan motivering, kom lusteloos voor of "afwesig".
- Kom sonder rede vreesagtig, angstig of paranoïes voor.

**Gevaartekens van tienerdwelmgebruik**
Die uitdaging vir ouers is om te onderskei tussen die normale, soms dramatiese op en neer van die tienerjare en die gevaartekens van middelmisbruik. Die gevaartekens van dwelmgebruik en -misbruik by tieners sluit dikwels in:
- Skielike geheimsinnigheid oor vriende, besittings en bedrywighede.
- Nuwe belangstelling in klere, musiek en ander items wat klem plaas op dwelmgebruik.
- Aandrang op meer privaatheid, die sluit van deure, maak nie oogkontak nie, sluip rond.
- Loop klasse mis, prestasie neem af, raak skielik by die skool in die moeilikheid.
- Geld, waardevolle artikels of voorskrifte wat wegraak.
- Tree buitengewoon afgesonder, onttrek of teneergedruk op.
- Gebruik wierook, parfuum of lugverfrisser om die reuk van rook of dwelms te versteek.
- Gebruik oogdruppels om bloedbelope oë of vergrote pupille te versteek.

*Lees volgende keer wat kan jy doen as jy of iemand naby jou met 'n dwelmprobleem sit.*

# Randwater besluit nog oor Ngwathe se nuutste betalingsplan

"Oplossings vir Ngwathe se talle probleme word tans steeds nie gevind nie" sê Vryheidsfront raadslid Phillip van der Merwe. Alhoewel Ngwathe op 25 Junie 2024 'n soveelste betaalplan aan Randwater voorgehou het, kon duidelikheid nog nie verkry word of die voorstelle wat maandelikse betalings van R3m aanbied asook 'n verdere R3m telkens waneer Ngwathe drie maal per jaar die sogenaamde "billike deel" (equitable share) ontvang, aanvaarbaar gevind was nie. Die skuld aan Randwater het tans aangegroei to R75,7m. Randwater volstaan intussen met verminderde lewering aan Heilbron en pogings om water intern te verdeel blyk sover onsuksesvol te wees.

Die gevolg hiervan is dat sommige inwoners meestal water het terwyl ander bykans nooit water kry nie. "Op my versoek en aandrang het Heilbron raadslede 'n paar weke gelede met amptenary ontmoet en is 'n taakspan saamgestel om ondersoek te doen na moontlikhede om water tussen hoërliggende en laerliggende dele te verdeel sodat eersgenoemde ook ten minste soms water sal kry. Wat positief was is dat Mnr Abel van Jaarsveld, 'n siviele ingenieur van Heilbron, sy dienste gratis aangebied het om met sy kundigheid en die kennis van die netwerk waaroor hy beskik behulpsaam te wees met die soeke na oplossings" sê raadslid Van der Merwe.

Die taakspan het verlede Donderdag 'n vergadering van die Infrastruktuurkomitee waarby senior bestuurders van water en riooldienste asook die waarnemende Tegniese Direkteur teenwoordig was, toegespreek. Verskeie voorstelle is voorgehou en die komitee het opdrag gegee dat verdere ondersoeke gedoen moet word en dat daar vandeesweek 'n verdere verslag aan die komitee gelewer moet word.

Een van die probleme wat ge-identifiseer was is dat daar op een of ander stadium 'n aansluiting aan die hoofpyplyn gedoen was, voordat die lyn die reservoir bereik, wat meebring dat nie al die water wat Randwater lewer eers in die hoofreservoir invloei voordat verspreiding van water plaasvind nie. Die aansluiting was blykbaar bedoel om 'n direkte aansluiting na die sogenaamde "plotreservoirs" te wees, maar die doel is verydel toe daar verdere aansluitings op die lyn gedoen was. Een van die aspekte wat huidiglik ondersoek word is wyses waarop hierdie situasie ten goede aangespreek kan word.

"Tans word daar dus nou gewag op die senior bestuurders en kundiges se verslag en aanbevelings op ontvangs waarvan besluite geneem sal moet word en finansiering gevind sal moet word om uitvoering daaraan te gee. Daar word ook steeds in spanning gewag op Randwater se antwoord op die nuutste afbetalingsplan" sê raadslid van der Merwe verder.

# Pensioenarisse moet onthou

"Pensioenarisse wat kwalifiseer vir kortings op erfbelasting vir die nuwe munisipale belastingjaar wat op 1 Julie 2024 begin het, moet onthou dat aansoeke vir die afslag gedoen moet word voor 31 Augustus 2024" sê Vryheidsfront raadslid Phillip van der Merwe.

Om te kwalifiseer moet die applikant eienaar van die eiendom wees en dit self bewoon, ouer wees as 60 jaar of 'n ongeskiktheidspensioen ontvang en nie eienaar wees van meer as een eiendom nie.

Die inkomste van die huishouding (d.w.s. applikant en gade) moet minder beloop as R9 600,00 per maand. Kortings word as volg bereken: op inkomste van R0,00 tot R5 000,00 per maand: 100% op inkomste van R5 001,00 tot R5 700 per maand: 60% op inkomste van R5 701,00 tot R7 000,00 per maand 30% en op inkomste van R7 001,00 tot R9 600,00 per maand: 15%.


Aansoekvorms vir die korting is by munisipale kantore beskikbaar en aansoeke kan vanaf 1 Julie 2024 ingedien word. "Pensioenarisse word versoek om vroegtydig hul aansoeke in duplikaat voor te berei sodat hulle 'n ontvangserkenning op die duplikaat kan laat aanbring wanneer die aansoek ingedien word" beveel raadslid Van der Merwe aan. Aansoekvorms kan ook by sy kantore by Elsstraat 47 bekom word.

# Sop-en-Sjerrie en 'n dronkman-storie


Die tema by Huppel Trippel was SOP EN SJERRIE plus 'n dronkman-storie. Die teenwoordiges is getrakteer op Ina se heerlike tuisgemaakte groentesop en 'n glasie sjerrie. Toe het Nonna die storie van die twee langasem kroegvlieë vertel. Hierná het Rooikappie heeltemal te veel sjerrie geniet; en is die moderne weergawe van die Rooikappie-storie gebore. Terloops, die kopiereg op hierdie storie is te koop. Die opbrengs sal aan Huppel Trippel geskenk word. Volgende keer, dit is op 23 Julie, gaan ons 'n heerlike nostalgie-oggend hê. Jy bring die ou skoolfoto's wat jy nog het, en kom wys en vertel vir al die ander van jou skoolgaan-herinneringe. Elkeen wat dit graag wil bywoon is hartlik welkom!



*Foto erkenning: Wendy Maartens uit haar boek: Sprokies en ander gunsteling-stories.*

# 'n Winterse feesmaal vir jou siel



Met die koue wat ons hierdie winter omvou, is daar min dinge wat so vertroostend is soos 'n heerlike ete wat jou van binne af warm maak. De Vry Distillery, onder die bekwame bestuur van eienaar Pasch du Plooy en sy vrou Sainkie, bied hierdie Julie 'n besondere spyskaart aan wat beloof om jou smaakknoppies te betower en jou maag lekker te vul. Die spyskaart skop af met 'n verskeidenheid vars brode, bedien met twee geurige botters. Daarna volg 'n romerige sop met *kale*, spek en aartappel – 'n ware bederf vir enige sopliefhebber. Met die *kale* vars uit Pasch se tuin, gee dit 'n heerlike tuisgemaakte smaak. Maar wag, daar is meer! De Vry bederf jou met 'n voortreflike "Butter Chicken Curry" bedien met basmatiese rys, pampoen en uie-chutney en platbrood. Die kombinasie van speserye maak elke hap 'n onvergeetlike ervaring. Die kersie op die koek – of moet ons sê, die appel op die tert – is dié Kokkedoor-wenner se appeltert met heuningbos-geïnfuseerde vla. Hierdie nagereg is die perfekte afsluiting van 'n ongelooflike maaltyd. Behalwe vir die heerlike kos, sal jy ook geen vriendeliker personeel vind as by De Vry nie. Pasch en Sainkie maak seker dat alles seepglad verloop en doen gereeld die moeite om 'n geselsie aan te knoop en seker te maak dat hul gaste tuis voel. So, as jy hierdie Julie op soek is na 'n gesellige atmosfeer en voortreflike kos, moet jy beslis 'n draai maak by De Vry Distillery.






# Nuwe elektrisiteitskoste en meteropdatering in Heilbron

Inwoners sal R3.64 per eenheid moet opdok vir elektrisiteit. Hierdie nuwe tarief het amptelik in werking getree op 1 Julie en bring 'n paar veranderinge mee, veral vir diegene wat voorafbetaalde krag gebruik. Een van die belangrikste nuwighede is die registrasie van kragmeters. Inwoners word aangemoedig om hul eerste kragstrokie by OK Mini, OK Foods, of Total aan te skaf om die nodige opdaterings aan hul meters te doen. Op die kassierstrokie saam met jou kredietkoepon sal drie koeponnommers verskyn wat op jou meter ingelees sal moet word.

**Die stappe vir die opdatering werk as volg:**

1. Maak seker dat al die ongebruikte koeponnommers gelaai is voordat jy die opdateringsnommers invoer. Enige ongebruikte strokies wat nie ingevoer is nie, sal na die opdatering nie meer aanvaar word nie.
2. Voer die koeponnommers in die volgorde in soos wat dit op die kragstrokie verskyn. Die eerste twee nommers sal geen kredietwaardes op jou meter verander nie.
3. Die derde en daaropvolgende tekens sal jou krediet opdateer volgens jou aankoopwaarde.
4. Indien jy nie die eerste twee koeponnommers invoer nie, sal jou meter geen toekomstige kredietkoepons aanvaar nie.

Die opdateringstekens maak slegs veranderinge aan die meter om dit in staat te stel om toekomstige koeponnommers te aanvaar. Jou bestaande krediet sal nie beïnvloed word nie. Nadat inwoners hul eerste kragstrokie gekoop en die opdatering voltooi het, kan hulle weer elektrisiteit via hul banktoepassings aankoop. Met hierdie nuwe reëling en tariewe hoop die munisipaliteit om 'n meer doeltreffende en deursigtige diens aan die inwoners van Heilbron te lewer. Daar is gerugte dat 'n bedrag van R200 van die kragmeters afgetrek sal word, maar plaaslike munisipale werkers is nie bewus van enige sodanige heffing nie. In Johannesburg bestaan daar wel 'n vereiste dat R200 maandeliks afgetrek word as 'n diensfooi, maar dit is nie die geval in Heilbron nie. Daar is ook 'n waarskuwing aan besigheidseienaars oor 'n klugspul waar sogenaamde munisipale persone, besigheidseienaars op Whatsapp teiken en beweer dat hul krag agterstallig is en binne twee uur betaal moet word. Julene Labuschagne, werker by Ngwathe, raai mense aan om eers die munisipaliteit te kontak voordat enige betalings gemaak word.




# Man help kriminele vang

Op 25 Junie 2024 om 07:45 het Elias sy maandelikse salaris by 'n ABSA OTM gaan trek. Elias vertel dat die eerste twee OTM's nie sy kaart wou neem nie. Dit was asof iets sy kaart verhoed om by die gleuf ingedruk te word. By die derde OTM het hy 'n onbekende man voor hom sien staan, wat vir hom gesê het dat hy maar kan voortgaan om geld te trek. Hy sê dat die masjien sy kaart geneem het en dat die knoppies van die OTM vreemd en hard gevoel het. Die ATM het nie weer Elias se kaart uitgespoeg nie en ook nie sy geld nie. Hy het daarna besluit om te loop en beplan om die volgende dag dit aan te meld, aangesien hy 8h00 by die werk moes wees. Volgens Elias het hy skaars van die OTM weggestap toe sy selfoon 'n kennisgewing ontvang dat geld uit sy rekening onttrek is. Die kennisgewing het aangedui dat die geld by die Total vulstasie onttrek is. Hy het ondersoek ingestel en het onmiddellik 'n saak by die polisie oopgemaak. Die man wat Elias se kaart en geld geneem het, is op kringtelevisie by Total gesien terwyl hy brandstof in sy voertuig gegooi het. Die beeldmateriaal is aan die polisie oorhandig, wat gelei het tot 'n arrestasie. Elias is dankbaar dat die persoon in hegtenis geneem is en vertrou dat hy sy geld van ABSA binne 10 tot 15 dae sal terugkry. Inwoners, veral bejaardes, word gewaarsku om waaksaam te wees wanneer hulle by banke en kitsbanke is.

# Huis- en Tuinbou Klub sê dankie aan Apteke






*Huis- en Tuinbou Klub het koekies vir die twee plaaslike apteke gegee om dankie te sê vir hul diens. Op die foto bo Carol Snyman en Danie Labuschagné (Riemland Apteek) en Pia Pienaar. Foto onder: Carol Snyman, Jolien Engelbrecht (Platteland Apteek) en Pia Pienaar.*

# Teboho Moropodi: A Beacon of Youth Empowerment and Ambition



Teboho Moropodi, originally from Heilbron in the Free State, has embarked on an inspiring journey from her days as a student at School of Destiny (2013-2022) to her current pursuits in Kroonstad. Now 16 years old and in Grade 11 at Kroonstad Academy, Teboho has made a significant mark as a semi-finalist for Miss Teenager South Africa, proudly representing the Free State province.

Beyond her beauty pageant ambitions, Teboho is a dedicated ambassador for Legae la Tshepo Foundation. This foundation, founded by Seki Maelangoe and Theo Baloyi, is committed to supporting teenagers through the Teach A Girl Child and Love A Boy Child programs, offering physical and emotional support.

Teboho's advocacy for youth empowerment is at the heart of her endeavours. "By empowering the youth, we invest in the future of our community and the world," she passionately states. "Today's youth are tomorrow's leaders, entrepreneurs, and innovators. By empowering them now, we ensure a pipeline of capable individuals who can drive positive change and progress in various fields."

Teboho is eager to share the importance and significance of youth empowerment. She aims to raise awareness and educate the community on ways to empower the youth around them, whether it be siblings, cousins, or neighbours. Her journey towards winning Miss Teenager South Africa is not just about personal achievement but also about inspiring others and highlighting the critical role of youth in shaping the future.

As Teboho chases the stars, she invites everyone to join her in this empowering mission, fostering a generation ready to lead, innovate, and make a difference.



# KENNISGEWINGS

## AUCTION
## McINTYRE VAN DER POST LAW FIRM

CASE NO. 138/2020
Refer: NN2121/svdw

## NOTICE OF SALE IN EXECUTION

IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA FREE STATE DIVISION, BLOEMFONTEIN
In the matter between:
**THE STANDARD BANK OF SOUTH AFRICA LIMITED**
*Plaintiff*
And
**DANIEL BENJAMIN NIENABER**
**(ID NUMBER: 710706 5252 088)**
*First DEFENDANT*
**ELMARIE NIENABER**
**(ID NUMBER: 750310 0190 087)**
*Second DEFENDANT*

In pursuance of a judgment of the above Honourable Court dated 30 September 2020 and a Writ for Execution, the following property will be sold in execution on MONDAY the 29th day of JULY 2024 at 13:15 at before the Sheriff of REITZ held at MAGISTRATE'S COURT, ELS STREET, HEILBRON.
**Certain: 881 Oranjeville Extension 1, district Heilbron, Free State Province**
**In extent: 2650 Two Thousand Six Hundred and Fifty) square metres**
**Held by: Deed of Transfer No T31362/2006**
**Subject to: The conditions therein contained**
**Also known as: 76 Strydom Street, Oranjeville**
**Consisting of: A residential unit zoned for residential purposes consisting of A 1 x lounge, 1 x dining room, 1 x kitchen, 4 x bedrooms, 2 x bathrooms, 4 x garages. (not guaranteed)**

The Purchaser shall pay VAT and a deposit of 10% of the purchase price in cash on the day of the sale, the balance against transfer, to be secured by a bank or building society guarantee, to be approved by the Plaintiff's attorney, to be furnished to the said Sheriff within fourteen (14) days after the date of the Sale. The conditions of sale will lie open for inspection during business hours at the Offices of the Sheriff for the High Court, REITZ.

**TAKE FURTHER NOTICE THAT:**
This is a sale in execution pursuant to a judgment obtained in the above Court. The Rules of this auction is available 24 hours foregoing the sale at the office of the SHERIFF FOR THE HIGH COURT, 22 DE WET STREET, REITZ.
Registration as a buyer, subject to certain conditions, is required i.e:
1. Directions of the CONSUMER PROTECTION ACT 68 of 2008 (obtainable at URLhttp://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961).
2. Fica-legislation in respect of identity &address particulars.
3. Payment of registration monies.
4. Registration conditions.

The office of the SHERIFF OF THE HIGH COURT, REITZ (WYNAND MINNIE) will conduct the sale.
Advertising costs at current publication tariffs and sale costs according to court rules will apply.
DATED at BLOEMFONTEIN on this the 10th day of APRIL 2024
**ATTORNEY FOR PLAINTIFF**
**DERK VAN VUUREN**
**McINTYRE VAN DER POST**
**C/O McINTYRE VAN DER POST**
**12 BARNES STREET**
**WESTDENE, BLOEMFONTEIN 9301**
**Ref: NN2121/SHARI VAN DER WALT**
SHERIFF OF THE HIGH COURT
22 DE WET STREET, REITZ, 9810
083 654 7512

## KENNISGEWING

KENNISGEWING in die **BOEDEL VAN WYLE ELLA JACOBUS LE GRANGE, Identiteitsnommer: 330422 0016 08 6,** in lewe 'n PENSIONARIS woonagtig te HOUSE OF SAINT PAUL, PLOT AMSTERDAM, REITZ, 9810, WEDUWEE.
**DATUM VAN AFSTERWE: 26 MEI 2024**
**BOEDELNOMMER : 004280/2024**
KENNIS GESKIED HIERMEE aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**

## NOTICE OF SALE IN EXECUTION (AUCTION / VEILING)

In the Magistrate's Court for the district of Fezile Dabi held at Heilbron
**Case No. 296/2023**
**In the matter between :**
**S J M BED AND BREAKFAST**
*Execution Creditor*
and
**MOLOKO O MOTJHA TRADING PTY LTD**
*Execution Debtor*

1. Kindly take notice that in terms of a Judgment granted on 09/11/2023 in the Heilbron Magistrate's Court and a Warrant of Execution issued thereafter, a Sale in Execution of the under-mentioned goods will be held.

**The particulars of the sale/auction are as follows:**
1.1 Date: 29/07/2024
1.2 Time: 13:15
1.3 Place: Magistrate's Court, Els Street, Heilbron, 9650

2. In terms of Regulation 20(3) of the Consumer Protection Act 68 of 2008, full details of the advertisement and description of the goods are available during ordinary business hours at the offices of the undermentioned Attorneys and the Sheriff.
3. This Notice is published in terms of, inter alia, Regulation 20(2)(b) of the Consumer Protection Act 68 of 2008, and access to the Regulations can be obtained at (URL.http:www.info.gov.za/view/DownloadFileAction? ID=99961).
4. Prospective buyers are required to register before the commencement of the auction.
5. FICA – legislation in respect of proof of identity and address particulars.
6. A registration fee is payable before the commencement of the auction.
7. The office of the Sheriff of Heilbron will conduct the sale with auctioneer Mr. WF Minnie.
8. Method of payment: Cash, bank guarantee, cheque, or electronic transfer, subject to acceptable proof of payment.
9. Advertising costs at current publication rates and sale costs according to the court rules, apply.

**Description of goods or property:**
1. JCB JS Excavator
2. Shipping Containers

Dated at Heilbron on 9 July 2024.
**JH JANSEN**
**EXECUTION CREDITOR'S ATTORNEY**
**JANSEN PROKUREURS**
**58 PIERCE STREET HEILBRON**
**TEL NO.: 058 852 2816**
**E-MAIL: elzette@jansenprokureurs.co.za**
**REF: SJM1/0001/JHJ/ES**


Virenigenuusenadvertensies vir die Heilbron Herald
Kontak gerus vir
Hendie Lötter by 071 175 9807
of heraldnuus@heilbron.co.za



Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033





# TE HUUR • TE HUUR

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

## JAARBEPLANNER 2024

| | |
|---|---|
| **2 Aug.** | Suiderkruis Restaurant. |
| | Heerlike steak-ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **3 Aug.** | BoereTreat |
| **17 Aug.** | Rolbaldag @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **31 Aug.** | Basaar @ NG Kerk Heilbron-Suid |


Heilbron Herald
HOT Winter SALE
BUY 1 GET 1 FREE NEWSPAPER ADVERT
VALID FROM 24 JUNE – 31 JULY 2024
CONTACT HENDIE: 071 175 9807
HERALDNUUS@HEILBRON.CO.ZA


# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

**DUPNO Trading**
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# SMALLS

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

WESSENTRAAL

## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**






# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***


SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



HERALD Sport

# Jaarlikse IPS Bokkedag

## *Johan Weilbach neem die kroon*

Die jaarlikse IPS Bokkedag het plaasgevind te midde van winderige toestande, wat 'n groot uitdaging vir die sowat 40 spelers was. Ondanks die moeilike omstandighede, het Johan Weilbach daarin geslaag om die wenplek met 38 punte in te palm. Sy uitstekende spel het hom bo die kompetisie geplaas, en hy is met reg as die kampioen gekroon.

In die tweede plek het Obie Oberholzer met 'n indrukwekkende 37 punte geëindig, gevolg deur Thulani Malgas, wat die derde plek met 36 punte behaal het. Al drie spelers het hul vaardigheid en deursettingsvermoë ten toon gestel, wat bewonderenswaardig is gegewe die uitdagende speeltoestande.

Ander nuus is die jaarlikse Boeretreat wat vanaf 2 Augustus aangebied word. Dit beloof om 'n groot gholfdag te wees met sowat R15 000 se pryse op die spel. Vir meer inligting, sien asseblief die advertensie in die koerant. Hierdie geleentheid is een wat jy nie wil misloop nie!



*Op die foto Johan Weilbach (Wenner) saam Jackie Leonard (President).*

## Heilbron Duiwenuus

Verlede Saterdag se wedvlugte was vanaf Britstown oor 'n afstand van 570km. Die duiwe moes verskillende winde en sterktes trotseer. Hulle het 'n gemiddelde spoed van 83 kpu gehandhaaf. Die wind was eers van voor en later van agter. Die eerste wedvlug se duiwe is 08:00 gelos en die eerstes was 14:30 hier.

Frik Viviers het baie goed gedoen deur albei wedvlugte te wen, asook albei NFS Combines.

**Britstown 1:** 1. F Viviers, 2. D Cilliers, 3. D Cilliers, 4. Zenith 5. F Viviers, 6. F Viviers, 7. Stemmett, 8. F Viviers, 9. D Cilliers 10. D Cilliers.

**Britstown 2:** 1. F Viviers, 2. Zenith, 3. D Cilliers 4. F Viviers, 5. Zenith, 6. F Viviers, 7. F Viviers, 8. Zenith 9. Zenith, 10. D Cilliers.




*Op die foto bo Frik Viviers se twee NFS Combine wenners.*

## Kransfontein Resiesduifklub

Op Saterdag 6 Julie 2024 het Kransfontein Resiesduifklub vannaf Hanover gevlieg. Die duiwe is om 08:00 gelos en hulle het oor 'n afstand van 531 kilometer terug na Reitz gevlieg. Sewe lede en 225 duiwe het deelgeneem. Die wenduif is om 14:04 geklok.

1. Reitz Lofts 3, 2. Heine Hokke, 3. Reitz Lofts 2, 4. Reitz Lofts 2, 5. Wolmarans Hokke B, 6. Wolmarans Hokke A, 7. Reitz Lofts 2, 8. Heine Hokke, 9. Reitz Lofts 3, 10. Heine Hokke.



*Jeandre, Willem en Leane Muller van Reitz Lofts 3 met die wenduif.*

# Heilbronner presteer

Dit is nie net in Valsrivier en NFS waar Heilbronners naam maak nie, maar ook in Tshipise. Lieb Kriek het die enkelspel titel vir Novice spelers gewen. Hierdie man is ernstig oor sy rolbal en speel nog nie lank hierdie spel nie, maar die rolbal-gogga het hom verseker gebyt. Heilbron maak gereeld naam by Tshipise, JC Pretorius was ook al die wenner van hierdie titel. Tracy Jacobs neem hierdie komende naweek deel aan die Gauteng Ope waar sy in die viere en pare speel. Ons klub se oë is egter gevestig op Edward Muller, Ellie van Coller en Johnnie Fourie wat die naweek in Welkom sake gaan uitspook om as die NFS enkelspelkampioen gekroon te word. Die naweek wat voorlê is propvol met rolbal uit die boonste rakke. Plaaslik word daar lekker sosiaal gespeel, kom maak 'n draai.



*Op die foto bo Lieb Kriek.*

BUFFALO BAR
BUFFALO BAR HEROPEN ONDER NUWE BESTUUR
Opsoek na Barlady
ouderdom tussen 18 - 26 jaar.
Stuur CV na carolgermishuizen69@gmail.com
Navrae: 072 179 1768




BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 15 JULIE 2024**
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 16 JULIE 2024**
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

MIDDELBURG: ALZU BEEFMASTERS FINAL STUD AUCTION
11:00, Middelburg
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776

HARRISMITH: FERRERO BONSMARAS PRODUKSIEVEILING
11:00, Grootdraai
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353

**WOENSDAG - 17 JULIE 2024**
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

VREDE: OOS-VRYSTAAT VELDRAMKLUB VEILING
11:00, Vrede gholfklub
Kontak Carel Davel 082 331 1811

VRYHEID: TWK GESAMENTLIKE VEILING
11:00, Vryheid veilingskrale
Kontak David Harris 082 573 7979

**DONDERDAG - 18 JULIE 2024**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

ROSENDAL Twee-maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

VREDE: CHARFONTEIN DOHNE MERINO STOET
11:00, Humania
Kontak Jandre Moll 082 307 9169

**VRYDAG - 19 JULIE 2024**
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

FRANKFORT: ANDREW JORDAAN & SEUNS PRODUKSIEVEILING VAN MERINO RAMME
11:00, Frankfort gholfklub
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

**SATERDAG - 20 JULIE 2024**
ERMELO IMPLEMENTE VEILING
11:00, plaas Vlakfontein
Kontak Hannes Hugo 082 823 7631

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za